# BELEIDE

# KULTUURMERIETEBELEID

**. DOEL VAN DIE KULTUURBELEID**

By Laerskool Constantiapark word leerlinge aangemoedig en uitgenooi om aan kultuuraktiwiteite deel te neem. Die holistiese ontwikkeling van elke leerling is vir ons belangrik en daarom word leerlinge ook beloon vir hul prestasies. Kultuuraktiwiteite en prestasies binne en buite skoolverband word in berekening gebring.

Leerlinge akkummuleer punte op die kultuurtabel om in aanmerking te kom vir 'n toekenning.
Leerlinge wat voor die einde van die kultuurjaar aan 'n aktiwiteit onttrek, kom nie in toekenning vir daardie aktiwiteit nie.

Toekennings word volgens die diskresie van die afrigters/organiseerders/kultuurkommittee toegeken.

**2. WAAROOR HANDEL DIE BELEID?**

Verskeie kultuuraktiwiteite word in die beleid opgeneem. Die vlak van prestasie word gekoppel aan 'n punt. Die leerling se punte akkummuleer deur die loop van die jaar op die tabel om dan in aanmerking te kom vir die verskillende toekennings. Die beleid word jaarliks hersien en nuwe items/kompetisies word bygewerk.

**3. INHANDIGING VAN INLIGTING**

Leerlinge ontvang in die 4de kwartaal 'n elektroniese vorm waarop hulle aandui aan watter kultuuraktiwiteite hulle deur die loop van die jaar deelgeneem het en bewyse word aangeheg. Groepaktiwiteite word deur die skool bereken, byvoorbeeld toneel, koor, revue, spreekkoor, ensovoorts.

Punte vir elke aktiwiteit word op die kultuurtabel verwerk om die leerling se totale punt vir die betrokke jaar te bepaal. Daar word voorsiening gemaak vir uitslae wat te laat ontvang word vir die huidige jaar se toekennings – dit staan oor tot die volgende jaar.

Sodra die totale punt bepaal is, is dit duidelik watter toekenning die leerling sal ontvang. Leerlinge word gelys onder die verskillende afdelings en ontvang tydens die merietefunksies hul toekenning(s).

Daar word ook 'n reeks wisseltrofees oorhandig soos omskryf in die kultuurbeleid. Die departementshoof: kultuur en organiseerders bespreek elke kandidaat en bepaal na aanleiding van sy/haar prestasie wie vir die trofee kwalifiseer.

| | |
|---|---|
| **150** | **Erekleure-sertifikaat en goue balkie** |
| **120** | **Merietesertifikaat en silwer balkie** |
| **80** | **Merietesertfikaat met rooi balkie** |
| **50** | **Merietesertifikaat** |
| **30** | **Sertifikaat van verdienste** |

**4. VOLLEDIGE BELEID**

Punte word deur die betrokke jaar opgebou om in aanmerking te kom vir 'n toekenning. Balkies kan verwerf word in:

- Dans
- Drama

- Juniorkoor
- Kultuur
- Kuns
- Kunswedstryde
- Mini-revue
- Musiek
- Redenaars
- Seniorkoor
- Spreekkoor
- Toneel
- Voortrekkers



**Werkswyse**

- Slegs die hoogste toekenning per kompetisie/fees/kunswedstryd word gebruik om punte te bepaal, byvoorbeeld. 'n Leerling neem aan die ATKV-redenaarskompetisie deel: Hy/sy kry nie vir rondte 1, die streeksfinaal én die nasionale finaal merietepunte nie -slegs vir die nasionale rondte.
- 'n Leerling kan net 1 goue erekleure balkie per afdeling/kategorie verwerf.
- ALLE sertifikate/bewyse moet gedateer wees.
- Slegs afskrifte van toekennings word ingegee.
- 'n Leerling wat in verskeie afdelings deelgeneem het, maar nie genoegsame punte het vir 'n afdelingsbalkie nie – kry 'n kultuurbalkie (kleur soos bepaal deur puntetoekenningstabel).
- Slegs toekennings en sertifikate van offisiële kompetisies, feeste en Eisteddfods word in ag geneem vir punteberekening. Voorafopgeneemde-items sal nie in berekening gebring word nie.
- Toekennings word gemaak volgens die prerogatief van die afrigter/organiseerder en kultuurhoof na gelang van die leerling se ingesteldheid en toewyding asook volgehoue deelname in die bepaalde kultuuraktiwteit.

## 5. PUNTEBEPALINGS

### 5.1. KUNSWEDSTRYDDEELNAME

**Slegs kunswedstryde met geakrediteerde beoordelaars word in aanmerking geneem.**

*Alle individuele afdelings word hierop bepunt. Hierdie toekenning is vir diegene wat aan verskeie afdelings van kunswedstryde deelneem, maar nie genoegsame punte in elke individuele kategorie behaal om 'n toekenning te kry vir byvoorbeeld. drama, redenaars, dans, ensovoorts.*

*Leerlinge wat in drama en/of redenaars presteer het, gebruik hierdie tabel om vir daardie afdelings punte te bepaal.*

*Leerlinge wat vir musiek- en dans- nie aan formele kompetisies deelgeneem het of 'n formele eksamen afgelê het nie, word op hierdie skaal bepunt en kom nie in aanmerking vir 'n dans- of musiekbalkie nie, maar vir 'n kunswedstrydbalkie.*

| | |
|---|---|
| A++ | 10 |
| A + | 8 |
| A | 6 |
| B + | 3 |
| B | 2 |
| Slegs deelname | 1 |
| Medalje | +5 |
| Trofee | +8 |
| Nasionale deelname | +10 |
| Gala-aand uitnoding en opvoering | +6 |
| Afdelingswenner | +5 |
| Kategoriewenner | +5 |
| Nasionale top 5 | +10 |
| Nasionale wenner | +15 |

**TV/Verhoog**

*Indien u kind enigsins aan 'n produksie deelneem, benodig die skool 'n program/opname/brief van instansie.*

| | |
|---|---|
| Hoofrol op TV of in verhoogproduksie. | 30 |
| Byspeler op TV of verhoogproduksie. | 20 |
| Advertensie in die media. | 10 |
| Hoofrol in ateljeeproduksie. | 5 |
| Byspeler in ateljeeproduksie. | 3 |
| Deelname | 1 |

**5.2. VOORTREKKERS**

*Hierdie punte word deur die Voortrekker-kommando/s aan die skool verbonde deurgestuur.*

| | |
|---|---|
| ABC-punte silwer-goud | 150 |
| ABC-punte goud-oranje | 120 |
| ABC-punte silwer-oranje tot silwer-blou | 80 |
| ABC-punte | Merietesertifikaat |
| Voortrekker voldoen slegs aan graadwielvereistes | Verdienste |

**5.3. MUSIEK**

*Musiekbalkies word slegs toegeken aan leerlinge wat 'n formele musiekeksamen afgelê het en die onderstaande punte behaal het.*

**FORMELE MUSIEKEKSAMENAFLEGGING**

| | |
|---|---|
| Naam verskyn op UNISA se ererol (Prakties/Teorie; 90 %+) | +50 |
| Beurswenner | +50 |

**Prakties**

| | |
|---|---|
| Lof ( 80 – 100%) | 60 |
| Eervolle vermelding (70 – 79%) | 50 |
| Slaag (50 – 69%) | 40 |

**Teorie**

| | |
|---|---|
| Lof ( 80 – 100%) | 60 |
| Eervolle vermelding (70 – 79%) | 50 |
| Slaag (50 – 69%) | 40 |

**5.4. DANS**

**INTERNASIONALE DANSEKSAMEN**

| | | |
|---|---|---|
| *Distinction* (met lof) | 75 – 100% | 60 |
| *Merrit* (eervolle vermelding) | 55 – 74% | 50 |
| *Pass* (slaag) | 40 – 54% | 40 |

**NASIONALE DANSEKSAMEN**

| | | | |
|---|---|---|---|
| A | *Honours* | 80 – 100% | 40 |
| B | *Highly Commended* | 70 – 79% | 30 |
| C | *Commended* | 60 – 69% | 20 |
| D | *Pass plus* | 50 – 59% | 15 |
| E | *Pass* | 40 – 49% | 10 |

**KOMPETISIES/KUNSTEFEESDEELNAME**

| | |
|---|---|
| A ++/90% +/Dubbelgoud | 10 |
| A +/85% - 89%/Goud | 8 |
| A /80% - 84%/Silwer | 6 |
| B +/75% - 79%/Brons | 4 |
| Deelname | 2 |
| Spesiale toekenningswenner | +10 |
| Afdelingswenner | +10 |
| Medaljewenner | +5 |
| Trofeewenner | +5 |

**5.5. REDENAARS**

| | |
|---|---|
| Uitnodiging na gala-aand (trofee en/of optrede ) | +5 |
| Afdelingswenner | +5 |
| Trofeewenner/wisseltrofee-wenner | +5 |

**Eerste uitdunne / Interne deelnames/SUPER 12**

| | | |
|---|---|---|
| A++ | (95 - 100%) | 10 |
| A+ | (90 - 94%) | 8 |
| A | (80 – 89%) | 6 |
| B + | (75 – 79%) | 4 |
| B | (70 – 74%) | 2 |
| Deelname | | 1 |

**Provinsiale deelname**

| | | |
|---|---|---|
| A++ | (95 - 100%) | 12 |
| A+ | (90 - 94%) | 9 |
| A | (80 – 89%) | 7 |
| B + | (75 – 79%) | 4 |
| B | (70 – 74%) | 2 |
| Deelname | | 1 |

**Nasionale deelname**

| | | |
|---|---|---|
| A++ | (95 - 100%) | 15 |
| A+ | (90 - 94%) | 10 |
| A | (80 – 89%) | 8 |
| B + | (75 – 79%) | 5 |
| B | (70 – 74%) | 3 |
| Deelname | | 2 |

**ATKV**

| | |
|---|---|
| Deelname aan rondte 1 | 8 |
| Deelname aan semi- finaal | 15 |
| Deelname Aan Finaal | 20 |
| Plasing Onder Top 6 | 25 |
| Wenner | 30 |

### 5.6. JUNIOR- EN SENIORKOOR

| | |
|---|---|
| 'n Leerling wat 80% van die jaar se oefeninge bywoon. | 10 |
| Uitnodiging en deelname aan Koorfeeste | 10 per optrede |
| Prestasie by kunstefees | Goud (15)<br>Silwer (10)<br>Brons (5) |
| Indien 'n koor gekeur is (byvoorbeeld Jeugkunstefees in Staatsteater) | +10 |
| Deelname aan semi-finaal van geakkrediteerde kompetisies | 15 |
| Deelname aan finaal van geakkrediteerde kompetisies | 20 |
| Top 3 van finale rondte van geakkrediteerde kompetisie | 25 |
| Wenner van geakkrediteerde kompetisie | 30 |
| Deelname aan groot projek en CD/TV–opname. | 10 |

### ATKV KORE

| | |
|---|---|
| Landswyd finaal wenner | 50 |
| Landswyd deelname (finaal) | 40 |
| *Cum Laude* (90% /A+/streekwenners) | 30 |
| Goud ( 80% /A/rondtewenners) | 20 |
| Silwer (70% /B/rondtedeelnemers) | 10 |

### 5.7. SPREEKKOOR

| | | |
|---|---|---|
| A++ | (95 - 100%) | 15 |
| A+ | (90 - 94%) | 12 |
| A | (80 – 89%) | 10 |
| B + | (75 – 79%) | 8 |
| B | (70 – 74%) | 5 |
| Kategoriewenner | | +10 |
| Deelname aan semi-finaal | | +12 |
| Deelname aan finaal | | +15 |
| Wenner van finaal | | +20 |

### Nasionale deelname

| | | |
|---|---|---|
| A++ | (95 - 100%) | 15 |
| A+ | (90 - 94%) | 10 |
| A | (80 – 89%) | 8 |
| B + | (75 – 79%) | 5 |
| B | (70 – 74%) | 3 |
| Deelname | | 2 |

### 5.8. TONEEL

| | | |
|---|---|---|
| Jaarlikse repetisiebywoning (80%) | | 10 |
| Produksiebywoning | 10 punte per optrede | |
| A++/Goud | (95 - 100%) | 15 |
| A+/Silwer | (90 - 94%) | 12 |
| A/Brons | (80 – 89%) | 10 |
| B + | (75 – 79%) | 8 |
| B | (70 – 74%) | 6 |
| Kategoriewenner | | +10 |
| Deelname aan semi-finaal | | +20 |
| Deelname aan finaal | | +25 |
| Wenner van finaal | | +35 |

Leerlinge ontvang individuele punte vir ATKV en Podium Pronk (indien deur beoordelaars toegeken word) volgens die onderstaande tabel.

| | |
|---|---|
| Goud vir spel | 10 |
| Silwer vir spel | 8 |
| Brons vir spel | 5 |

**MINI-REVUE**

| | | |
|---|---|---|
| A++/Goud | (95 - 100%) | 30 |
| A+/Silwer | (90 - 94%) | 25 |
| A/Brons | (80 – 89%) | 20 |
| B + | (75 – 79%) | 15 |
| B | (70 – 74%) | 10 |
| Bywoning van repetisies | 80% van alle repetisies en optredes | 10 |
| Kategoriewenner | | +10 |
| Deelname aan semi-finaal | | +20 |
| Wenner van finaal | | +20 |

